# Hulp en Hoop

Kwartaal 2 JULIE 2022

**KERKKANTOOR**
PostNet Suite # 50
Privaatsak X 2449
Mokopane 0600
Tel / Faks : (015) 491 3537

**Finansiëel :**
Truly Truter
fin@ngpottiessuid.org.za

**Administrasie** :
Anita Hurn
admin@ngpottiessuid.org.za

**Sentrumbestuurder:**
Nanette Strauss-Botha
083 336 9326

**LERAAR**
**Ds Jacques Erasmus**
072 653 9845 /
**Kantoor-ure 015 004 2630 (jeughuis)**
jacques@ngpottiessuid.org.za

**WEBBLAD**
www.nghulpenhoop.co.za

**FACEBOOK**
www.facebook.com/
nghulpenhoopgemeenskapskerk

**GEDENKTUIN NAVRAE**
Besoek die kerkkantoor

## In die uitgawe


Abraham Kriel Kinderhuis 2
- Huis Boekenhout
- Huis Bauhinia

Hoërskoolkamp 3

Verassing in die lig van die Bybel 4

Gemeente foto's 5

Sterkrivier Basaar Foto's 6


# KWARTAAL OORSIG

Goeiedag, Vriende

Wanneer u die uitgawe lees, is die so in die nadraai van die winter. Seisoene verander en tipies aan die Bosveld het ons lekker dae beleef, met matige temperature en dan was daar die lekker koue dae waar jy iewers wou inkruip met 'n kombers en warmwatersak, met 'n lekker koppie sop of beker Milo.

Ek ry een oggend baie vroeg deur die strate van Potties en ek sien hoe 'n man voor 'n winkel sit met stukkende klere en sommer daar op die sypaadjie voor 'n winkel. Op 'n stuk plaat het hy 'n paar skamele stukkies hout wat brand net om iets warms te hê teen die koue oggend. Dadelik ervaar ek die spanning wat in my ontstaan. Die verskillende maniere wat mense na die situasie sal kyk.

Die eerste reaksie is, waarnatoe is die land oppad dat mense sommer so vuur kan maak voor 'n besigheid op 'n sypaadjie en hoe sleg dit is vir besigheid en die ekonomie.

Toe dink ek waarna toe is alles oppad dat mense geen heenkome het nie, geen warm plek, dat 'n mens sommer so moet sit en probeer oorleef.

Ek dink toe, hoe kan ek in my warm voertuig, met my warm klere, met my kos, 'n oordeel maak as ek nie 'n duisend tree in daardie man se tree geloop het nie...

*Wat verwag God van my?*
*Van die kerk?*

Ons bevind onsself tans in die Koninkrykstyd, 'n tyd waarin ons beleef hoe God se liefde 'n werklikheid in ons lewe word, deur die genade van Jesus Christus. Dis 'n tyd wat ons die seëninge van God ervaar en uit dankbaarheid dan 'n seën is tot ander mense, mense wat smagtend is, in nood in groot afwagting is om net ietsie van God se genade te ervaar.

Daarom moet ons tog oor die woordjie ***seën*** gesels...

Ons wil geseënd wees, ons wil almal in die ontvang kant wees. Daarom moet ons vir mekaar sê: God wil ons seën. Dit is God se hart teenoor ons. Daarom beïnvloed dit die manier wat ons dink want, om net aan God te behoort, behoort vir ons seën in ons lewens te bring. Omdat ons deel is van God se volk, van Sy verbond, beteken om te deel aan al Sy beloftes en wanneer ons God se guns, God se seën ervaar, wil God hê dat ons uit dankbaarheid daardie seën moet aangee in die wêreld in.

Dis soos 'n rugby bal in 'n rugby wedstryd wat ons moet aangee.

Ons as gemeente het gebid en gevind dat die Here van ons vra om spesifiek op 'n paar plekke betrokke te raak.

In-huis is ons besig met geloofsvorming, Bybelstudie, Kinderkerk en Dagstukkies.

Maar ons moet ook betrokke raak in die wêreld. Ons het met groot welslae en die deelnemendheid van gemeentelede nou 'n tweede huis by Abraham Kriel Kinderhuis onder ons sorg geneem en die dogters in huis Bauhinia se lewe begin beter maak. Ons het ook met 'n Witskuiling tussen Luds en Polokwane begin saamwerk. Warm klere en komberse is aangestuur asook kos en ander benodighede.



*Koninkrystyd... is 'n tyd wat ons die seëninge van God ervaar en uit dankbaarheid dan 'n seën is tot ander mense moet wees!*

Ons het nog een uitdaging vir die jaar en dit is die Centre of Hope, 'n sentrum vir verstandelik gestremdes in Mahwelereng, wat besoek moet word.

Tans is ons ook besig met beplanninge rondom die gemeente Basaar asook die Jeug Golfdag.

Bid asb vir die gemeente en die projekte waarmee ons besig is. Dit alles in die uitbou van God se Koninkryk.

Dankie vir die afgelope kwartaal en ons sien uit na die nuwe een wat voorlê, waar ons, ons seëninge kan gaan uitdeel.

Groete
Ds Jacques





# ABRAHAM KRIEL KINDERHUIS

## Huis Boekenhout

Gedurende die afgelope kwartaal het dit goed gegaan by die seuns en daar is tans 11 seuns by Annemarie en Kobus.

Damean (7)
James (8)
Divan (9)
Jeandré (10)
Mitchell (10)
Pieter (10)
Anton (12)
Quinten (12)
Jason (14)
Paul (15)
Stefan (16)

1 Seun is teruggeskuif na die huis vanwaar hy gekom het en daar het 2 nuwe seuns van 7 en 9 jaar bygekom.

Daar word steeds een maal per maand deurgegaan Nylstroom toe en dit is elke keer baie aangenaam om by hulle te gaan kuier en vir hulle paar benodighede deur te vat.

Die seuns het baie goeie maniere en Annemarie leer hulle bv koekies bak en maak hulle baie betrokke. Die huis is altyd netjies en skoon, mens sal nie dink daar bly 'n klompie klein seuntjies nie.

Met hulle verjaarsdae word daar vir hulle Pizza en koeldrank gereël om hulle dag net so bietjie meer spesiaal te maak.

Ons het 'n groot skenking ontvang van Amerikaanse mense d.m.v Jacques en Rouzelle Swart in Mei 2022. Die seuns het nuwe kussings nodig gehad en daar is vir hulle almal nuwe kussings, lakens en handoeke gegee. Die seuns het ook 'n groot trampoline as geskenk gekry.

Ons het ook gedurende die kwartaal baie mense gehad wat klere en speelgoed geskenk het waarvoor ons baie dankbaar is. Enige skenkings is steeds welkom.

Annemarie en Kobus kyk regtig baie goed na die seuns en dit vat soms klippe kou om sulke gebroke kinders te laat veilig voel en te help om weer deel te voel en aandag en liefde te kan kry.

## Huis Bauhinia

Ons gemeente het in Maart vanjaar betrokke geraak by Huis Bauhinia - 'n dogtershuis van Abraham Kriel Kinderhuis.

Die dogtertjies wissel van die ouderdom 7 tot 17. Daar is tans 9 dogtertjies onder die sorg van Verona, die huismoeder.

Huis Bauhinia is pas oorgedoen en alle bouwerk is begin Julie afgehandel. Die huise by die kinderhuis word elke tien jaar oorgedoen en verbeterings aangebring. Die hele huis is uitgeverf, geteel, plafonne vervang, badkamers oorgedoen. Van die ouvensters is toegebou en kamers verander. Dit het lekker saamgeval deur die inisiatief wat van ons kerk se kant afgeloods is.

Daar is 'n positiewe span mense wat aangebied het om deel te word van die inisiatief. Die omgee en entoesiame is ongelooflik en die energie van die groep vrywilligers is aansteeklik.

Ons groepie het nog plek vir enige vrywilligers wat deel van ons huis projek wil word.

Hiermee 'n paar verandering wat ons reeds aangebring het.

- Dakwaaiers in studeer en TV kamer en muurwaaiers in die kamers
- Nuwe beddegoed, duvet oortreksels, kussings en duvet inners
- Nuwe badsakkies en handoek vir elke dogtertjie
- Eetkamer : Blomme tema: Nuwe eetkamer / studeertafel met bankies . en kussings, gordyne, geraamde prente, verskillende stelle plekmatjies. Ekstra rakkies met dekor teen mure
- Boekrakkie met leesboekies, Kassie met nuwe in kleur-kryte, potlode, DVD's, nuwe kratte vir speelgoed.
- Legkaarte, houers vol sagte speelgoed
- Handgebreide truie en mussies vir elke dogtertjie
- Kombuis gordyntjies, koeldrankglase, broodblik met bypassende houertjies
- Tittewytkas (lipstiffies, grime-ring, handsakke, armband ens vir die dogtertjies
- Koek en partytjiepakkies met elke dogtertjie se verjaarsdag
- Bederfkos, ontbytpap, koeldrank ens vir naweke en aand etes. Asook letsie lekkers vir broodjies
- Nuwe hangers en kassie vir elke dogtertjie se kas.

Daar is verskeie veranderinge wat ons steeds beoog.

Ons doel is om 'n rustige mooi atmosfeer vir die dogtertjies te skep ten einde meer normaliteit aan hulle lewe te gee. Ons probeer hulle bederf deur klein dingetjies wat ons in ons daaglikse lewe as vanselfsprekend aanvaar.

Die vreugde op die gesiggies is so lekker. Ons sien uit daarna om hulle almal by ons Gemeente Basaar te ontmoet as hulle dié dag vir ons kom kuier.















Here
my trane sit vlak
my gebede, nie té lank
my hart (gedagtes)
vasgevang in ń woeste storm
van wie weet wat.
Dis moeilik om te praat
Dis moelik om te vra
Dis moelik om te verstaan
Ek weet nie wat gaan aan.
Maar tog weet ek,
U is altyd daar.

**WIL JY GRAAG BETROKKE RAAK BY ENIGE VAN DIE TWEE HUISE?** Skakel gerus ...
Renita Pringsloo (072 593 378)- Huis Bauhinia    Susan Fourie (073 770 3993) - Huis Boekenhout

**Deulopende behoefte is:**

| | |
|---|---|
| Oros | Bovril |
| Pakkies koeldrank | Pakkies chips |
| Pakke koekies | Lekkergoed |
| Iets lekker om te eet in aande | Kaassmeer |
| "Sandwich spread" | Ontbytpap soos bv weetbix, kellogs |
| Tamatiesous en mosterd | Springmielies met verskillende geurmiddels bv sout en |
| Asyn | |
| of Toiletware (1 per kind) | |

**Beide huise se jongmense besoek ons gemeente tydens die basaar. Geskenkbewyse (Vouchers) ter waarde van R100 word vir elke jongmens gegee om op die dag te gebruik. Indien daar lidmate is wat hiermee kan help sal ons ook baie bly wees.**

# SURVIVORKAMP

# HOËRSKOOL KAMP 6—10 JULIE 2022 (BADSELOOP)

## ONS JONGMENSE VERTEL....

Survivorkamp 2022

Wat 'n absolute belewenis! Ek het ongelooflik baie op die kamp geleer — nie net van myself nie, maar ook van ander. Dit het my opnuut laat besef hoe belangrik spanwerk is en dat net 'n bietjie motivering van ander jou sommer meer moed kan gee om dinge aan te pak.

Dit was lekker om soveel nuwe mense te ontmoet. Die speletjies en aktiwiteite was vet pret! Laat aande se swem en kuiers het geëindig met min warm water en koue storte.

Wat ek nooit sal vergeet nie, is dat selfs die kleinste kompliment 'n groot verskil kan maak, dat God altyd 'n plan het en dat ons geduldig moet wees en op Hom vertrou.

Ek kan verseker nie wag vir volgende jaar se kamp nie!

Carlia Nel (Survivor - Graad 10)



























Modder en obstacle courses, vars lug, nuwe vriende, grappies en uit die maag uit lag! Laat aande en worship om die vuur; defnitief iets wat ek nodig gehad.

Na ñ paar moelike jare met Covid en onsekerheid, het die kamp my weer laat besef dat God altyd daar is. Al wat ons moet doen is net om te Hom vra om ons deur alles te help.

Wat vir my ñ hoogte punt van die kamp was, is om te ervaar hoe almal nie net nader aan mekaar, maar ook nader aan God beweeg.

Die kamp was vol avonture en lewens-lesse wat nog lank saam met my sal wees.

Na die kamp stap ek weg met vrede in my hart en ñ paar BLOU KOLLE wat defnitief die moeite werd was!

Anké Hurn (Groepleier)



-

# VERASSING IN DIE LIG VAN DIE BYBEL


Begrafnis (ter aarde bestelling) was tot onlangs die aanvaarde gebruik vir christene in ons land as die wyse waarop met die liggaam van afgestorwenes omgegaan word.

Aangesien die hoë koste van begrafnisse en die onveiligheid van begraafplase mense dwing om alternatiewe te oorweeg, vra sommige christene die vraag of verassing aanvaarbaar is in die lig daarvan dat dit sy oorsprong het in 'n primitiewe heidense kultuur. Die primitiewe kultuur het dit gedoen weens minagting vir die menslike liggaam, sodat "die siel wat gevange gehou word in die liggaam, kon vrykom". Die vraag na die aanvaarbaarheid word ook gevra omdat Jesus ook begrawe is en "ons Hom daarin dalk moet navolg?".

Die volgende riglyne vir christene ten opsigte van verassing verdien ons oorweging :

- Wat van heidense oorsprong is, is nie as sodanig onbruikbaar nie. Oorname van kultuurvoorwerpe kan tog in 'n eie konteks met 'n eie inhoud gevul word. So het byvoorbeeld die taal van die heidense Grieke die taal geword waarin die Nuwe Testament gegee is.





- Jesus se *begrafnis* is ook nie normatief vir ons nie. Hy was immers gebalsem en in 'n grot neergelê. Dié praktyk volg ons vandag ook nie na nie.
- Respek en eerbied vir die liggaam van die dooie hoef nie te ontbreek by verassing nie. Dit is ewemin vanselfsprekend by 'n begrafnis aanwesig.
- Die uiteindelike resultaat van verassing en begrafnis is presies dieselfde. Die liggaam los in albei gevalle in sy grondbestanddele op.
- Verassing bring die geloof in die opstanding van die liggaam en die heerlike herstel van die eenheid van die mens by die wederkoms van Christus, in geen enkele opsig in gevaar nie. God is *in* die graf en *in* die oond, solank ons maar *in* Hom is!

**Verassing kan dus as *christelike* gebruik as alternatief op begrafnis, met vrymoedigheid**



## NG Hulp en Hoop Christen Gedenktuin

- *Die doelstelling van die Gedenktuin is om 'n alternatief daar te stel vir die herinnerings-bewaring van die veraste stoflike oorskotte van geliefdes anders as die tradisionele teraardebestellings.*
- *Die gedenktuin is 'n logiese en praktiese stap om voorsiening te maak vir 'n mens se laaste rusplek.*
- *In vandag se lewe is begraafplase baie onveilige plekke, terwyl 'n ommuurde, rustige gedenktuin in 'n mens se behoeftes aan sekuriteit en rustigheid kan voldoen.*
- *Die gedenktuin is maklik toeganklik terwyl begraafplase ver lê van residensiële areas af.*
- *Grafskending word uitgeskakel.*
- *Gedenktuine is die terugkeer na die tradisionele gebruik waar die kerkgebou en die begraafplaas weer bymekaar gebring word (dink maar aan die woord kerkhof).*
- *Die Gedenktuin is 'n diens aan die Christelike Gemeenskap van Mokopane en omgewing en daarom sal alle Christelike denominasies die geleentheid gegee word om van die gedenktuin gebruik te maak vir plasings.*
- *Die aankoopsom van R. 2.000,00 per enkelplasing en R. 2.500,00 per dubbelplasing sluit die volgende in: instandhouding van die tuin en die nis, administrasie, die graniet gedenkplaat en die gravering van die gedenkplaat.*

*Skakel gerus die kerkkantoor vir navraag rondom die koop en beskikbaarheid van nisse 015 491 3537*

***7 Klippies***

*Daar's sewe klippies in jou sak*
*Deur die Here vir jou ingepak*
*Sodat jy ene weg kan gooi*
*Vir elke tiende jaar voltooi.*

*Eerste klippie, geen probleem*
*Die spel sal donkiejare neem,*
*Dink ons in ydel kinderwaan*
*Die lewe gaan vir ewig aan.*

*Op twintig waai die tweede klip,*
*Pragtig en rooi van lip,*
*Windmakerder kan jy nie kry,*
*Wat ek wil, skuld die wêreld my.*

*Klippie drie die laat jou dink,*
*Vir dertig jaar het jy rinkink,*
*Vier sewendes is daar nou oor,*
*Om op te maak vir tyd verloor.*

*As uit jou hand die vierde val,*
*Dan vlek die grys jou slape al,*
*En dit wat in die sak oorbly,*
*Te min om als gedoen te kry.*

*Dan kom jy by vyftig,*
*Nou galop die tyd te vlytig,*
*En na die bult-op lewenspad,*
*Beginne jy die afdraand vat.*

*Voorlaaste klippie nommer ses*
*Glip uit die sak voor jy sê mes*
*Die wat gewerk het vir n baas*
*Kry sy persent en groet vir laas.*

*O wee, o wee, nou klippie sewe,*
*Skriftuurlik het jy klaar gelewe,*
*Daar kom nou veel genade kort*
*Vir die wat dalk wil tagtig word.*

*Daar is natuurlik taai kalante,*
*Jy sien hul soms in die koerante,*
*Wat net nie wil die emmer skop*
*En eers na honderd om sal dop.*

*Of jy nou tot vervelens lewe,*
*Of tata sê hier rondom sewe,*
*By watter klip jy ookal stop,*
*Gaan sal ons, die tyd raak op.*

*Ek wens jou dus n sakvol klip,*
*Genoeg vir daardie honderd trip*
*En vreugde tot jou knië daar op*
*oudag knak.*

*Nou ja, ou maat, daar het jy dit,*
*Al wat ons nou kan doen is bid*
*Vir gesondheid, liefde en geluk,*
*Met voorspoed vir die oorblystuk!*

*(Skrywer onbekend)*








SPELETJIES MIDDAE



AKSIE JONK VAN GEES




**Opsoek na 'n veilige plek waar jou kinders lekker kan speel?**



NG Hulp en Hoop Gemeenskapskerk het 'n parkie ingerig waar hulle kan klim en klouter, swaai, draai, spring en speel. Al die geriewe is noukeurig gekies vir die ontwikkelingswaarde wat dit bied. 'n Sterk lyfie is belangrik vir ontwikkeling en hierdie parkie is spesifiek ingerig om kinders op elke vlak te stimuleer, nie net fisies nie maar ook sensories.

'n "Vending" / Selfhelp masjien vir lekkergoed en koeldrank vir die kinders is ook beskikbaar.



**Besoek ons gerus!**
**WEEKSDAE 09:00 - 16:00**

BESPREEK OOK GERUS DIE AREA VIR PARTYTJIES EN FUNKSIES

**NG HULP EN HOOP GEMEENSKAPSKERK**
**HF VERWOERDSTR 18**
**NAVRAE :** KERKKANTOOR 015 491 3537
**BESPREKINGS :** NANETTE 0833369326

**SPEELPARKIE & PARTYTJIE PERSEEL**


STERKRIVIER
GEMEENSKAPSKERK
BASAAR